Hoërskool Framesby 50 HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 164: 7 September 2018

KWARTAAL SPOED NA SY EINDE

In die komende week word die onderrigprogram vir die derde kwartaal afgesluit en sal die hele skool vanaf Donderdag besig wees met die toetsreeks, wat tot Vrydag 21 September sal duur, en die Graad 12-eksamen, wat tot Dinsdag 25 September sal duur. Daarmee is onderrig vir die Graad 10 tot 12-leerders basies afgehandel, en sal daar in die oorblywende tydjie net aan hersienning en vaslegging aandag gegee kan word. Om ons leerders te help met hul beplanning is die eindeksamen-roosters vir die Graad 10 tot 12-leerders op blasdy 3 geplaas.

Hierdie kwartaal bring ook 'n einde aan Mnr. Stroebel se termyn as die skoolhoof van Framesby. Soos vroeër aangedui, tree mnr. Stroebel op 30 September af. Uiteraard is ons baie spyt om hom te verloor, maar kan ons weer uitsien na 'n nuwe era in die skool se geskiedenis onder 'n nuwe skoolhoof. Framesby was besonder bevoorreg dat daar in sy 52-jarige bestaan slegs vier skoolhoofde was wat elkeen diep spore getrap het. Mnr. Stroebel het in 2008 hier begin, en tree nou af ná 10 vrugtevolle jare. Die laaste paar weke van die kwartaal sal maar besig wees wanneer alles afgesluit, en daar afskeid geneem moet word.

Intussen is 'n nuwe monitorbestuur, wat eerskomende Woensdag ingehuldig word, verkies. Ook vir hierdie groepie wag daar groot uitdagings, en word daar met groot verwagting uitgesien na die bydrae wat hulle gaan lewer om ons skool se leerders tot nuwe en ongekende hoogtes te lei.

Soos die Prediker in sy wysheid opgemerk het dat daar 'n tyd is om te kom, en 'n tyd om te gaan, is die lewe 'n aaneenlopende reeks van siklusse. Maar nes die lente weer lewe bring ná die winter, is daar geen twyfel dat die toekoms ook sy kwota hoogtepunte sal oplewer nie. Sterkte aan almal wat klaarmaak, en besonder baie sterkte aan almal wat begin!

TOETSREEKSREËLINGS

Die September-toetsreeks begin Donderdag en duur tot volgende Vrydag. Daar word elke dag twee skrysessies ingeruim en in elk van die sessies sal 'n SGA-toets in 'n bepaalde vak geskryf word. In hierdie tyd sal die skool om 13:00 sluit, maar die volgende spesiale reëlings geld:

Leerders wat in die eerste sessie skryf moet om 07:40 by die vergaderpunt van die betrokke Graadgroep aanmeld. Die sessie sal tot 10:00 duur. Indien 'n leerder nie in die tweede sessie toets skryf nie, kan hy/sy dan huistoe gaan vir tuisstudie. Leerders wat in die tweede sessie skryf, moet om 10:30 by die versamelpunt aanmeld. Hierdie sessie duur tot 13:00. Leerders wat glad nie op 'n betrokke dag studeer nie mag tuis bly om daar te studeer, maar moet asseblief nie voor 12:00 hul huise verlaat nie.

Die reëlings vir die laaste week sal volgende week deurgegee word.

In hierdie uitgawe:
Toetsreeksreëlings
Eindeksamenroosters
Video-kompetisie

BELANGRIK!
Die skool sluit Maandag (10 Sept) om 13:30

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Kean Barnard, 12D
Cara-Mari Botha, 8E
Ilke Meiring, 12C

Sondag
Abigail Appelgryn, 12A
Neil van Vuuren, 8F

Maandag
Deneshia Chambers, 9E
Jodi Cilliers, 11E
Cornelius Greeff, 10C
Divan Meyer, 12B

Dinsdag
Leah Blom, 12D
Zane Smit, 10E

Woensdag
Ziané Booysen, 10B
Sebastian Brandt, 11E
Lezell Joseph, 8D
Ryno Swiegelaar, 9C

Donderdag
Micaela Kotze, 12A
Vanessa van der Spuy, 9C

Vrydag
Bruzenne September, 8F
Danielle Siepker, 8E
Izak Steyn, 10E

Verlede week se verjaardae is op bladsy 3

FRAMESBY IS TROTS OP ....

FRAMESBY-LANGERRY 7'S REUSE-SUKSES!

Alhoewel die skole-rugbyseisoen reeds afgesluit het, is 'n groep van ons rugbyspelers steeds druk besig om te oefen en te speel. Dis ons 7's-span wat hierdie naweek in die laaste van 3 toernooie speel.

Hierdie reeks toernooie het op 24 Augustus op ons velde afgeskop met ons eie toernooi. Hierdie toernooi is geborg deur die Langerry-vakansiewoonstelle en altesaam 16 spanne het sake oor twee dae uitgespook. Ons span kon ongelukkig nie daarin slaag om die toernooi te wen nie, maar het steeds uitstekend gevaar deur slegs een wedstryd te verloor en die Plaat-trofee te verower. In die proses het ons Daniel Pienaar en Pearson kafgedraf, maar onverklaarbaar vasgeval teen Brandwag in die beker-kwarteindstryd. Die uiteindelike wenners was Grey.

Hierdie toenooi is uitstekend deur mnr. Christo Scriven, in samewerking met die borge, gereël. Die spelers sowel as beamptes is getrakteer met heerlike eetgoed en 'n uiters aangename atmosfeer. 'n Hele paar wedstryde is Vrydagaand onder ons nuwe spreiligte gespeel, en uiteindelik het dit Saterdagmiddag laat so donker geword dat die laaste wedstryde ook onder ligte klaargemaak moes word. Die ligte is 'n ongelooflike bate en sal heelwat nuwe inisiatiewe in die toekoms moontlik maak. Al die skole was baie positief oor die toernooi, en volgende jaar beloof om nog 'n grote skouspel te wees.

Baie geluk en baie dankie aan mnr. Scriven en die borge. Die verbintenis met Langerry kan net van krag tot krag gaan. Dis wonderlik dat daar welwillende borge is wat sulke inisiatiewe ondersteun. Daarmee saam het ons ook ongelooflike ondersteuning van Hunters Superspar geniet, wat die kosverkope hanteer en die etes aan die spelers en beamptes voorsien het. Ons sien beslis uit na volgende jaar!

Ons span het verlede naweek aan die First Choice-toernooi by Nico Malan gaan deelneem. Verskeie Wes-Kaapse spanne was hier in aksie, en ons manne het hulle wel deeglik laat geld. Ons het ongelukkig teen die Hoër Jongenskool Paarl (Boishaai) vasgeval en moes sodoende in die Plaatafdeling kompeteer, waar ons in 'n naelbystryd teen Nico Malan die knie moes buig. Ons manne het egter baie goed gekompeteer, maar ons gebrek aan genoeg spoed het ons uiteindelik duur te staan gekom.

Die reeks toernooie loop hierdie naweek ten einde met die School Sports-toenooi wat by Andrew Rabie aangebied word. Hierdie toernooi dien ook as proewe vir die kies van die OP-O/17 Sewesspan wat in die vakansie die provinsie by die nasionale toernooi verteenwoordig. Sterkte manne! Framesby is trots op julle!

OPWINDENDE VIDEO-KOMPETISIE KOM!

As deel van die bemarkingstrategie van die Beheerliggaam is verskeie projekte in die loop van hierdie jaar geloods. So word ons amptelike Facebook-blad uitstekend op datum gehou deur mev. Mariné Snetler, terwyl die webtuiste ook baie aandag geniet. Ons Graad 8-inskrywings lyk uiters belowend, en alles dui daarop dat Framesby tans baie goed ontvang word deur die breë publiek. Ons wil egter baie graag ons leerders betrek by die skool se bemarking en daarom word daar binnekort 'n kompetisie van stapel gestuur waar leerders uitgenooi gaan word om 'n kort bemarkingsvideo van Framesby saam te stel en in te skryf. Daar sal groot prysgeld op die spel wees en die beste video's sal op die Facebook-blad geplaas word. Die fokus van die video sal op voornemende Framesby-leerders gemik wees en die grootste vereiste is dat die video beslis nie *boring* mag wees nie! Enige aanslag kan werk, maar die video sal nie wen indien dit nie 'n yslike WOW! uit die kykers lok nie! Hou gerus hierdie spasie dop. Laat solank julle gedagtes gaan en begin kreatief dink. Die prysgeld gaan nie klein wees nie, en die finale beoordelaars is die hele skool. Kan nie wag nie!

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 8 September	Sondag 9 September	Maandag 10 September	Dinsdag 11 September	Woensdag 12 September	Donderdag 13 September	Vrydag 14 September
Krieket: Pearson-fees	**Krieket:** Pearson-fees	**Dag 1** **Gr. 12 Eksamen**	**Dag 2** **Gr. 12 Eksamen**	**Dag 3** **Gr. 12 Eksamen** **MB inhuldiging**	**Toetsreeks begin** **Gr. 12 Eksamen** **Beheerliggaam vergadering**	**Toetsreeks** **Gr 12 Eksamen**

EINDEKSAMEN-ROOSTERS VIR GR. 10 - 12

Die finale eksamenroosters vir die Graad 10 – 12 verskyn hieronder. Die Graad 12's begin reeds op Maandag 15 Oktober met die Rekenaartoepassingstegnologie Praktiese eksamen, en op Dinsdag 16 Oktober met Inligtings-tegnologie se eerste vraestel (prakties). Die vakke wat by die Graad 10-rooster verdonker is, is nasionale vraestelle. Die Graad 12 en -11-rooster is departementeel opgestel en by Graad 10 is die ander vakke, wat intern ge-eksamineer word, deur die skool aangebring.

GR. 12	O9:00	14:00
Di 23/10	English HL & FAL P1	
Wo 24/10	Rekeningkunde	
Do 25/10	Toerisme	IT V2
Vr 26/10	Wiskunde / Wisk. Gel. V1	
Ma 29/10	Wiskunde / Wisk. Gel. V2	
Di 30/10	Geografie V1	Geografie V2
Wo 31/10		
Do 1/11	Afrikaans HT V1	
Vr 2/11	Fisiese Wetenskap V1	
Ma 5/11	Fisiese Wetenskap V2	CAT V2
Di 6/11		
Wo 7/11		
Do 8/11	English HL & FAL P2	
Vr 9/11	Lewenswetenskappe V1	
Ma 12/11	Lewenswetenskappe V2	IGO V1
Di 13/11		Verbruikerstudie
Wo 14/11	Afrikaans HT V2	
Do 15/11		
Vr 16/11		
Ma 19/11		IGO V2
Di 20/11		
Wo 21/11		
Do 22/11	Besigheidstudies	
Vr 23/11	Afrikaans HT V3	
Ma 26/11	English HL & FAL P3	
Di 27/11	Musiek V1	Musiek V2

	GRAAD 10		GRAAD 11	
	08:30	12:30	08:30	12:30
Ma 22/10	Afrikaans V1	Lewensoriëntering		
Di 23/10	IT V1		CAT V1	
Wo 24/10	English P2		IT V1	Besigheidstudies
Do 25/10	CAT V1			
Vr 26/10	IGO V1		Geografie V1	Geografie V2
Ma 29/10	Verbruikers		Rekeningkunde	
Di 30/10	**Rekeningkunde V1**			Afrikaans V3
Wo 31/10	CAT V2			
Do 1/11	Toerisme / Mus V1	Musiek V2	IT V2	
Vr 2/11	**English P3**	**Geografie V2**	English P3	Lewenswet. V1
Ma 5/11	**Rekeningkunde V2**		Lewenswet. V2	Toerisme
Di 6/11	IT V2			
Wo 7/11	Afrikaans V2			
Do 8/11	**Geografie V1**			
Vr 9/11	**Wisk / WG V1**		Fisiese Wet. V1	
Ma 12/11	**Wisk / WG V2**		Fisiese Wet. V2	
Di 13/11	Afrikaans V3	IGO V2		CAT V2
Wo 14/11	English P1	**Besigheidst. V1**	English P2	IGO V1 / Mus V1
Do 15/11		**Lewenswet. V1**	Afrikaans V1	
Vr 16/11	**Fisiese Wet. V1**	**Besigheidst. V2**	Wisk / WG V1	IGO V2
Ma 19/11	**Fisiese Wet. V2**		Wisk / WG V2	English P1
Di 20/11	**Lewenswet. V2**		Musiek V2	Afrikaans V2
Wo 21/11				Verbruikers

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIEL

WIE IS MY NAASTE?

Almal wat hulself as Christene beskou, weet dat Christus die wet van God vir ons saamgevat het in die dubbel-gebod van die liefde. Hulle weet ook dat Christus daarin van ons vra om ons naaste lief te hê soos onsself. Dit word deur niemand ontken of bestry nie. Tog vind ons dikwels dat mense die betekenis van die gebod tot naasteliefde wil verskraal deur die begrip "naaste" op 'n bepaalde manier te kwalifiseer. Die gevolg is dat hulle nie alle mense as hulle naastes wil beskou nie en hulself ontslae ag van die gebod tot liefde teenoor diegene wat deur omskrywing van die naaste uitgesluit word. Agter die skynbaar teoretiese vraag: Wie is my naaste? Sit dus die onwil van die mens se sondige hart om ongekwalifiseerd die medemens as medemens te aanvaar en lief te hê. Dit laat Lukas ons duidelik sien in sy berig oor die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10). Jesus het hierdie gelykenis vertel aan die wetsgeleerde wat "homself wou regverdig", dit is: wat sy gebrek aan liefde teenoor alle mense wat rondom hom op sy goedheid aanspraak maak, wou goedpraat deur 'n strydvraag op te werp oor die probleem wie dan nou eintlik sy naaste sou wees. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan toon Jesus aan dat dit in die gebod tot naasteliefde nie om 'n teoretiese bepaalde en afgebakende naaste gaan nie. Die naaste is die man wat in die praktiese lewensituasies op my weg kom en vanweë sy nood eenvoudig my naaste is, net soos ek deur my vermoë om hom te help, sy naaste is. Hier is geen grense te trek wat my liefdeloosheid kan verontskuldig nie. In sy gelykenis draai Jesus die vraag van die wetsgeleerde om. In plaas daarvan dat hy 'n antwoord gee op die vraag wie my naaste is, formuleer hy die vraag anders, naamlik: wie se naaste is ek? In die gelykenis betoon die Samaritaan homself die naaste van die arme verwonde mens langs die pad, in teenstelling met die priester en die Leviet wat wel die naaste se nood sien, maar daaroor uit die weg gaan. Wie hieruit sou wil aflei dat 'n mens se naaste dus diegene is wat goed aan jou doen, sodat jy slegs hulle moet liefhê, het geen begrip van wat Jesus wil sê nie. So 'n opvatting is in elk geval vierkant in stryd met wat Jesus in Matteus 5:43 – en verder – leer, waar Hy selfs ons vyande tot ons naaste verklaar. Jesus wys juis daarop dat ons nie net dié moet liefhê wat ons liefhet of goed moet doen aan dié wat eerste aan ons goed doen nie, maar dat ons kinders van ons Hemelse Vader moet wees wat sy son laat opgaan oor goeies en slegtes. Nee, wat Jesus in die gelykenis wil sê is dat 'n mens deur jou praktiese optrede liefde moet betoon aan elkeen wat daarvoor in aanmerking kom, omdat hy deur God op jou weg geplaas word. Geen enkele spitsvondige redenasie kan ons ontslaan van die verantwoordelikheid wat ons vir elke ander mens langs die weg het nie.

Uit *Die Burger*, 30 Januarie 1982

DIE AFGELOPE WEEK SE VERJAARSDAE

Omdat daar verlede week geen Fakkelflits verskyn het nie, plaas ons vandag graag die name van almal wat in die afgelope week verjaar het. Baie geluk aan almal. Hoop dit was 'n wonderlike dag!

Saterdag 1/9
Ané Nel, 8C
Ian Smook, 8E
Charl van der Berg, 8G

Sondag 2/9
Ruben du Preez, 10F
Jadin Myburgh, 8C
Leigh Snyman, 8F

Maandag 3/9
Taylin Brown, 10F
Tiaan Gouws, 9F
Marthinus Steynberg, 9A

Dinsdag 4/9
Cameron Louw, 10A
Marelize Smit, 12G
Jacobus vd Merwe, 8B
Josua Wellman, 11D

Woensdag 5/9
Tatalia Barnard, 10A
Cleo de Beer, 11C
Danielle Esterhuyse, 10A
Karla Swanepoel, 8C
Karla Tait, 12G

Donderdag 6/9
Jason Boucher, 8C
André Gerber, 12C

Vrydag 7/9
Karla de Beer, 12E
Cameron Goliath, 9D

EKSAMENS EN TOETSE HIERDIE WEEK

Die Graad 12's betree reeds in die derde week van hul eksamen terwyl die res van die skool Donderdag met die toetsreeks begin. Die volgende vraestelle word hierdie week geskryf:

GRAAD 12	09:00	14:00
Ma 10 Sept		Musiek V1
Di 11 Sept	FW V2	
Wo 12 Sept	Geo V1	Geo V2
Do 13 Sept		
Vr 14 Sept	Wisk/WG V1	Musiek V2

Toetse		Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11
Don 13 Sept	1	NW (LW)	SW (Geo)	LW	Afr
	2	NW (FW)	SW (Gesk)	Geo	CAT/IT
Vry 14 Sept	1	Afr	Eng	Wisk WG	Rek
	2		EBW	IGO	VS